LIBERTY
Own your life

# Boedelbeplanning en jou besigheid

Liberty Groep Adviesdienste

As jy jou eie onderneming het, is dit belangrik om jou persoonlike boedel te beskerm teen moontlike eise deur die besigheid.

## Besigheidskontinuïteit: koop- en verkoopooreenkomste

Die belangrikste aspek van boedelbeplanning is om te verseker dat jy ‘n ooreenkoms het vir besigheidskontinuïteit.

Ideaal gesproke behoort die onderneming ‘n koop- en verkoopooreenkoms te hê wat die oorlewende eienaars van die kontant sal voorsien om jou aandele uit jou boedel te koop, in geval van jou dood. Dit is wenslik dat hierdie ooreenkoms dit sal uitspel dat, indien jy sou sterf, die oorlewende besigheidseienaars jou aandele sal koop teen die lewensdekkingsbedrag of markwaarde, na gelang van watter een die grootste is. Sonder hierdie ooreenkoms kan jou sakevennoot die standpunt inneem dat, hoewel R10 miljoen se lewensdekking aan die onderneming uitbetaal is, die aandele maar R2 miljoen werd is en slegs dit aan jou boedel uitbetaal moet word.

## Die vereffening van uitstaande skuld

Indien jy persoonlik borg gestaan het vir enige besigheidskuld, kan die bank die uitstaande lening uit jou boedel verhaal. Verseker dus dat die onderneming voldoende versekeringsdekking het om enige uitstaande skuld ingeval van jou sterfte te betaal, sodat die borgskap nie opgevra word nie en jou boedel beskerm word.

## Beskerming deur aftreefondse

Lewensdekking en aftreefondse is ‘n goeie manier om jou gesin te beskerm as jy jou eie onderneming het. Krediteure mag nie aanspraak maak op aftreefondse nie, en hulle is heelwat goedkoper as om ‘n trust te skep.

## Kredietleningsrekening

Maak laastens seker dat jy jou kredietleningsrekeninge gedek het. Indien jy jou sakeonderneming met jou eie geld begin het, sal jou eksekuteur daardie geld uit die onderneming moet verhaal vir die boedel. Verseker dat die besigheid in staat is om jou kredietlening terug te betaal.